


# ON FIRE Week 3

## Die gawes van die Heilige Gees

Doel: In hierdie Bybelstudie is die fokus op die gawes van die Heilige Gees.

**INLEIDING**

**Deel met mekaar wat jy tot dusver geleer het oor die werking van die Heilige Gees in jou lewe**.

**Wat verstaan julle met die gawes van die Gees? Bespreek watter gawes is bekend en watter gawes is vir julle vreemd?**

**WAT Sê DIE BYBEL?**

**Lees 1 Korintiërs 12:1-17, 27-31 en Romeine 12:1-8**

**Deel met mekaar wat jou tref met 'n eerste lees van die gedeelte.**

**Maak 'n lys van al die gawes, werkinge, bedieninge wat julle raaklys in beide hierdie gedeeltes.**

**Wat is jou gawe(s)?**

**A. Vir die regte verstaan van die gawes, is die eerste paar verse van Romeine 12:1 belangrik. (Lees dit asseblief ook in 'n Engelse vertaling)**

- **Wat beteken dit om te offer?**

- **Wat beteken dit om 'n lewende offer te wees?**

  Om te dien, jou gawes te gebruik is 'n massiewe opoffering – vra vir enige een... dit vra 'n daaglikse sterf in wat jy voor lus is en graag wil...

  Om die Gees se werking in ons lewens te beleef – vra 'n daaglikse sterf!

- **Wat dink julle is die rede waarom dit vir ons moeilik is om te offer, om daagliks te sterf en hoe dink julle beperk dit die werking van die Gees in ons lewens?**

- **Wat leer dit vir ons oor hoe gee die Heilige Gees gawes?**

- **Wat is vlg Rom12:1a die dryfkrag vir hierdie sterf?**

**B.** Volgens Rom 12 en 1 Kor 12 is hierdie gesprek oor die gawes van die Gees baie duidelik **gekoppel aan ons verstaan van hoe 'n gemeente** moet funksioneer as liggaam van Christus.

- **Watter eienskappe van liggaam-wees is belangrik vir Paulus?**
  - **Romeine 12:4 -**
  - **Romeine 12:5 –**
  - **Romeine 12:6 -**
  - **1 Korintiërs 12:12 -**
  - **1 Korintiërs 12:15-17 -**
  - **1 Korintiërs 12:18-20 –**
  - **1 Korintiërs 12:21 –**

- **Hoe help dit ons vir die verstaan van hoe die Heilige Gees ons gawes wil gebruik?**

**Die implikasie is baie duidelik:**

a. **As ons nie dien (sterf) met ons gawes nie, is hierdie gemeente (liggaam van Christus) gebreklik en kan dit nie funksioneer soos ons moet nie.**
b. **As jy nie offer, dien nie, jou gawes gebruik nie, werk jy die Heilige Gees in jou lewe teen**

**C.** Beide hierdie 2 gedeeltes **loop uit op 'n gesprek oor liefde – Rom 12:9 en 1 Kor 13**, want dit is hoe ons sien hoe eg die werk van die HG in ons lewens is – dit loop oor na ons verhoudings met mense toe...

**As ons hierdie beginsel verstaan, waaraan meet ons dan eintlik die werk van die Gees in ons en anders se lewens?**

**Maak 'n lys as selgroep van julle gawes en besluit hoe julle dit gaan gebruik in die gemeente.**

**Bid saam vir die werking van die Gees in julle lewens.**